

GEREELDE VRAE DEUR WERKGEWERS OOR COVID-19-BELASTINGVERLIGTING

Nr.	Vraag & Antwoord
1	<p>V: Wat is die COVID-19-belastingverligting wat aan werkgewers beskikbaar is? A: Op 21 April 2020 het President Ramaphosabykomende maatreëls aangekondig om werkgewers b te staan om finansiële stabiliteit te verskaf aan hulle werknemers. Een van hierdie maatreëls sluit 'n 35% uitstelling op die maandelikse LBS-aanspreeklikheid, wat werkgewers aan SARS skuld, in vir die maande van April, Mei, Junie en Julie. Bykomend tot dit, sal SARS geen boetes of rente hef op die uitgestelde LBS-aanspreeklikheidsbedrag nie. Dit beteken dat werkgewers steeds aanspreeklik is vir die betaal van die oorblywende 65%, soos gewoonlik.</p> <p>Werkgewers wat gebruik maak van hierdie belastingverligting, moet die totale uitgestelde LBS-aanspreeklikheidsbedrag in ses gelyke paaiemente terugbetaal. Hierdie paaiemente moet as volg betaal word:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Augustus 2020 - betaling verskuldig teen 7 September 2020; • September 2020 - betaling verskuldig teen 7 Oktober 2020; • Oktober 2020 - betaling verskuldig teen 6 November 2020 (laaste werksdag voor die 7de); • November 2020 - betaling verskuldig teen 7 Desember 2020; • Desember 2020 - betaling verskuldig teen 7 Januarie 2021; • Januarie 2020 - betaling verskuldig teen 5 Februarie 2021; <p>Indien 'n werkgewer versuim om die paaiement te betaal, sal 'n boete en rente gehef word vir die maand van wanbetaling.</p> <p>Daarby, het die president ook 'n betalingvakansie vir vaardigheidontwikkelingsheffing (VOH)-betalings aangekondig vir die belastingtydperk van Mei tot Augustus. Dit beteken dat, vanaf die Mei 2020-belastingtydperk wat op of voor 7 Junie verskuldig is, werkgewers wat vir VOH geregistreer is, nie VOH-aanspreeklikheid op die EMP201-opgawes vir die tydperk hoef te verklaar of die betalings te maak nie.</p>
2	<p>V: Watter werkgewers kwalifiseer vir die COVID-19-belastingverligting op LBS? A: Om vir die COVID-19-belastingverligting vir LBS te kwalifiseer, moet werkgewers, uitsluitend regering of munisipaliteitsdepartemente:</p> <ul style="list-style-type: none"> • of 'n: <ul style="list-style-type: none"> ○ individu, ○ vennootskap, ○ trust, of ○ maatskappy/beslote korporasie/aandeleblok/koöperatief wees. • 'n Bruto inkomste van R100 miljoen of minder gedurende die jaar van aanslag hê wat eindig op of na 1 April 2020, maar voor 1 April 2021; EN <ul style="list-style-type: none"> ○ Bruto inkomste moet nie meer as 10% van inkomste aflei uit rente, plaaslike & buitelandse dividende, huurinkomste uit die verhuring van vaste eiendom en enige besoldiging ontvang van 'n ander werkgewer nie; OF ○ 'n Kwalifiserende mikro-onderneming wees wat aan die vereistes voldoen soos uiteengesit in Aritkel Ses. Let wel: Vir verdere besonderhede, verwys asseblief na die gids op die omsetbelasting-webblad. • Ten volle belastingnakomend wees, wat behels: <ul style="list-style-type: none"> ○ Geregistreer vir alle vereiste belastings; ○ Geen uitstaande opgawes vir enige belastings waarvoor geregistreer is nie; ○ Geen uitstaande skuld vir enige belastings waarvoor geregistreer is nie; ○ Geregistreer vir LBS teen 1 Maart 2020.
3	<p>V: Wat beteken dit om belastingnakomend te wees? A: Belastingnakoming beteken dat jy:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vir alle vereiste belastings geregistreer is; • Geen uitstaande opgawes het vir enige belastings waarvoor jy geregistreer is nie; • Geen uitstaande skuld het vir enige belastings waarvoor jy geregistreer is nie, uitsluitend

	<ul style="list-style-type: none"> ○ Paalement-betalingsreëling; ○ Skikking van belastingskuld; ○ Betaling van belasting hangende beswaar of appèl ○ Belastingskuld van R100 of minder of enige ander bedrag soos deur die kommissaris van SARS bepaal. 																								
4	<p>V: Hoe kan ek nagaan of ek belastingnakomend is? A: Om te bepaal of jy belastingnakomend is, kan jy:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die nuutste rekeningstaat versoek vir die belastings waarvoor jy geregistreer is om te bevestig of jy enige uitstaande opgawes of skuld het; • Jou MCP-blad nagaan op eFiling; • Skakel die SARS-kontaksentrum om jou nakomingstatus te versoek. 																								
5	<p>V: Vir watter tydperke kan ek die COVID-19-belastingverligting vir LBS eis? A: Die COVID-19-belastingverligting vir LBS is beskikbaar vir die vier-maande tydperk vanaf 1 April 2020 tot 31 Julie 2020. Die eerste uitstelling kan op jou April 2020 EMP201-opgawe geëis word.</p>																								
6	<p>V: Hoeveel kan ek eis vir die COVID-19-belastingverligting vir LBS? A: Die COVID-19-belastingverligting vir LBS is die betaling van 65% van die totale aanspreeklikheid en uitstelling van 35% van die totale LBS-aanspreeklikheid vir die maand.</p> <p>Neem kennis: Die 35% uitstelling is slegs van toepassing van die LBS-aanspreeklikheid verklaar p die oorspronklike EMP201-opgawe by SARS ingedien. Enige verhoging in die LBS-aanspreeklikheid deur 'n versoek om regstelling, sal nie in berekening gebring word wanneer die 35% uitstelling bereken word.</p>																								
7	<p>V: Hoe eis ek die COVID-19-belastingverligting vir LBS? A: Jy kan die COVID-19-belastingverligting vir LBS eis op die EMP201-opgawe wat jy maandeliks indien. Om die COVID-19-belastingverligting vir LBS te eis, moet jy die volgende stappe volg:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Voltooi die EMP201 soos gewoonlik met die die volle LBS-aanspreeklikheid Let wel: Die vorm sal die betaalbare LBS teen 100% bereken. Jy kan nie hierdie waarde verander nie; • Bepaal die werklike bedrag betaalbaar aan SARS, soos volg: <ul style="list-style-type: none"> ○ Dien die EMP201 in. SARS sal 'n rekeningstaat aan jou uitreik wat die COVID-19-belastingverligting (uitgestelde bedrag) vir LBS sal aantoon en die totale bedrag betaalbaar vir die bepaalde tydperk; OF ○ Bereken die totaal betaalbaar as (65% van die LBS-aanspreeklikheid) plus vaardigheidontwikkelingsheffing (VOH) betaalbaar plus WVF betaalbaar; Let wel: Indien jy laat betaal, sal jy die voordeel van die COVID-19-belastingverligting vir LBS verbeur en SARS sal 'n boete en rente hef op die berekende totaal betaalbaar. <p>Let wel: Gaan jou rekeningstaat na, 48 uur na die indiening van die EMP201 om seker te maak dat SARS nie die afslag teruggetrek het as gevolg van nie-nakoming nie.</p> <p>Neem asseblief kennis dat geen bedrae wat die COVID-19-belastingverligting vir LBS aantoon of aandui sal op die EMP201-vorm verskyn nie. Jy moet jou rekeningstaat besigtig om die uitwerking op jou rekening te sien.</p> <p>Voorbeeld:</p> <table border="1"> <thead> <tr> <th>PAYE Liability</th> <th>35% Tax Relief</th> <th>PAYE payable</th> <th>SDL Liability</th> <th>UIF Liability</th> <th>Total Payable amount</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>5 000</td> <td>1 750</td> <td>3 250</td> <td>0</td> <td>100</td> <td>3 350</td> </tr> <tr> <td>20 000</td> <td>7 000</td> <td>13 000</td> <td>0</td> <td>400</td> <td>13 400</td> </tr> <tr> <td>54 000</td> <td>18 900</td> <td>35 100</td> <td>0</td> <td>1 080</td> <td>36 720</td> </tr> </tbody> </table>	PAYE Liability	35% Tax Relief	PAYE payable	SDL Liability	UIF Liability	Total Payable amount	5 000	1 750	3 250	0	100	3 350	20 000	7 000	13 000	0	400	13 400	54 000	18 900	35 100	0	1 080	36 720
PAYE Liability	35% Tax Relief	PAYE payable	SDL Liability	UIF Liability	Total Payable amount																				
5 000	1 750	3 250	0	100	3 350																				
20 000	7 000	13 000	0	400	13 400																				
54 000	18 900	35 100	0	1 080	36 720																				
8	<p>V: Kan ek die COVID-19-belastingverligting vir LBS eis as ek werkgewerbelastingaansporing (ETI) eis? A: Ja, alle kwalifiserende werkgewers kan die COVID-19-belastingverligting vir LBS eis ongeag van welke hulle ETI eis of nie.</p> <p>Indien jy ETI eis, moet jy die volgende stappe neem:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Le die volle LBS-aanspreeklikheid vas Let wel: Die vorm sal die betaalbare LBS teen 100% bereken. Jy kan nie hierdie waarde verander nie; 																								

- Le die berekende ETI vas;
- Bereken 65% van die LBS-aanspreeklikheid;
- Beperk die verbruikte ETI tot die minder van berekende ETI of 65% van die LBS-aanspreeklikheid;
- Bereken die totaal betaalbaar as (65% van die LBS-aanspreeklikheid) minus die verbruikte ETI plus vaardigheidontwikkelingsheffing (VOH) betaalbaar plus WVF betaalbaar; Let wel: Indien jy laat betaal, sal jy die voordeel van die COVID-19-belastingverligting vir LBS verbeur en SARS sal 'n boete en rente hef op die berekende totaal betaalbaar.
Let wel: Gaan jou rekeningstaat na, 48 uur na die indiening van die EMP201 om seker te maak dat SARS nie die afslag teruggetrek het as gevolg van nie-nakoming nie.

Neem asseblief kennis dat geen bedrae wat die COVID-19-belastingverligting vir LBS aantoon of aandui sal op die EMP201-vorm verskyn nie. Jy moet jou rekeningstaat besigtig om die uitwerking op jou rekening te sien.

Voorbeeld:

PAYE Liability	ETI Calculated	65% of PAYE liability	ETI Utilised	PAYE Payable	SDL Liability	UIF Liability	Total Payable amount
15 000	12 000	9 750	9 750	0	0	300	300
20 000	18 000	13 000	13 000	0	0	400	400
54 000	20 000	35 100	20 000	15 100	0	1 080	16 180

- 9** V: Word ek verplig om gebruik te maak van die COVID-19-belastingverligting vir LBS?
A: Die COVID-19-belastingverligting is 'n opsie wat beskikbaar gestel is aan werkgewers wat hulpverlening nodig het om finansiële stabiliteit aan hul werknemers te verskaf tydens die COVID-19 inperkingsydperk. Sou jy besluit om nie van hierdie opsie gebruik te maak nie, moet jy jou EMP201 soos gewoonlik voltooi en die volle betaling aan SARS maak teen die vereiste datum. Indien jy laat betaal, sal SARS 'n boete en rente hef op die volle bedrag verskuldig.

- 10** V: Hoe sal ek weet hoeveel om terug te betaal vir die uitgestelde LBS?
A: Na die 7de Augustus, sal SARS die ses gelyke betalings bepaal vir die totale bedrag wat jy uitgestel het en dit sluit by die maandelikse rekeningstaat, wat jy vanaf 15 Augustus kan aanvra.

- 11** V: Wanneer moet ek die uitgestelde LBS terugbetaal?
A: Die paaiemente moet as volg betaal word:
- Augustus 2020 - betaling verskuldig teen 7 September 2020;
 - September 2020 - betaling verskuldig teen 7 Oktober 2020;
 - Oktober 2020 - betaling verskuldig teen 6 November 2020 (laaste werksdag voor die 7de);
 - November 2020 - betaling verskuldig teen 7 Desember 2020;
 - Desember 2020 - betaling verskuldig teen 7 Januarie 2021;
 - Januarie 2020 - betaling is verskuldig teen 5 Februarie 2021.
- Indien jy versuim (te min of glad nie betaal nie) om die paaiement te betaal, sal 'n boete of rente gehef word vir die maand van wanbetaling.

- 12** V: Wat is die VOH-betalingvakansie?
A: Vanaf Mei 2020, wat op of voor 7 Junie verskuldig is, hoef werkgewers wat vir VOH geregistreer is, dit nie te verklaar of aan SARS oor te betaal nie.
Hierdie betalingvakansie is van toepassing op die vier-maandetydperk van 1 Mei tot 31 Augustus 2020.

- 13** V: Hoe kwalifiseer ek vir die VOH-betalingvakansie?
A: Alle werkgewers wat vir VOH geregistreer is, kwalifiseer outomaties vir die VOH-betalingvakansie.

- 14** V: Hoe eis ek vir die VOH-betalingvakansie?
A: Die VOH-betalingvakansie sal outomaties verskaf word. Die nul-bedrag VOH-aanspreeklikheid sal verstek word op die EMP201-opgawe vir die vier-maande tydperk vanaf Mei tot Augustus 2020.

15	V: Wat is die COVID-19-belastingverligting vir ETI? A: Op 23 Maart 2020, het President Ramaphosa maatreëls aangekondig om werkgewers by te staan om finansiële stabiliteit aan hulle werknemers, wat nie meer as R 6500 per maand verdien nie, te bied. Hierdie maatreëls sluit 'n uitbreiding in van werknemers wat vir ETI kwalifiseer, 'n addisionele bedrag tot en met R 750, en die maandelikse terugbetalingbetaling van enige oorskot ETI geëis.									
16	V: Watter werkgewers kwalifiseer vir die COVID-19-belastingverligting vir ETI? A: Indien jy ETI-kwalifiserende werkgewer is en jy is ten volle belastingnakomend, kwalifiseer jy vir die COVID-19-belastingverligting vir ETI. Om te bepaal of jy 'n ETI-kwalifiserende werkgewer is, besoek die ETI-webblad._									
17	V: Wat beteken dit om belastingnakomend te wees? A: Belastingnakoming beteken dat jy: <ul style="list-style-type: none"> • Vir alle vereiste belastings geregistreer is; • Geen uitstaande opgawes het vir enige belastings waarvoor jy geregistreer is nie; • Geen uitstaande skuld het vir enige belastings waarvoor jy geregistreer is nie, behalwe: <ul style="list-style-type: none"> ○ Paalement-betalingsreëling; ○ Skikking van belastingskuld; ○ Betaling van belasting hangende beswaar of appèl ○ Belastingskuld van R100 of minder of enige ander bedrag soos deur die kommissaris van SARS bepaal. 									
18	V: Hoe kan ek nagaan of ek belastingnakomend is? A: Om te bepaal of jy belastingnakomend is, kan jy: <ul style="list-style-type: none"> • Die nuutste rekeningstaat versoek vir die belastings waarvoor jy geregistreer is om te bevestig of jy enige uitstaande opgawes of skuld het; • Jou MCP-blad nagaan op eFiling; • Skakel die SARS-kontaksentrum om jou belastingnakomingstatus aan te vra. 									
19	V: Vir watter tydperke kan ek die bykomende ETI eis? A: Die COVID-19-belastingverligting vir ETI is beskikbaar vir die vier-maandetydperk vanaf April 2020 tot Julie 2020. Die eerste uitgebreide ETI kan geëis word in jou EMP201 vir April 2020.									
20	V: Hoeveel bykomende ETI kan ek eis? A: 'n Bykomende bedrag van tot R 750 kan geëis word vir elke kwalifiserende werknemer.									
21	V: Vir watter werknemers kan ek bykomende ETI eis? A: Jy kan eis vir: <ul style="list-style-type: none"> • Werknemers wat tans in aanmerking kom vir ETI; • Werknemers vir wie jy ETI-eise uitgeput het volgens die bestaande reëls van die 24-maande kwalifiserende siklus, mits die werknemer tussen 18 en 29 (insluitend) oud is en steeds by jou werksaam is; • Werknemers wat tussen die ouderdomme van 30 en 65 (insluitend) is, mits hulle aan die salarisvereistes en ander kwalifiserende kriteria voldoen. 									
22	V: Hoe bereken ek bykomende ETI: A: Bykomende ETI word as volg bereken: <ul style="list-style-type: none"> • Werknemers wat in die eerste kwalifiserende siklus vir ETI val: <table border="1" style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <thead> <tr> <th style="text-align: left;">Maandelikse besoldiging</th> <th style="text-align: left;">Bepaling</th> <th style="text-align: left;">Maandelikse berekende ETI-bedrag</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>R0 – R1999</td> <td>(50% x maandelikse besoldiging) + R 750</td> <td>R750 – R1749.50</td> </tr> <tr> <td>R2000 - R4499</td> <td>Vasgemaak teen R1 750</td> <td>R1750</td> </tr> </tbody> </table>	Maandelikse besoldiging	Bepaling	Maandelikse berekende ETI-bedrag	R0 – R1999	(50% x maandelikse besoldiging) + R 750	R750 – R1749.50	R2000 - R4499	Vasgemaak teen R1 750	R1750
Maandelikse besoldiging	Bepaling	Maandelikse berekende ETI-bedrag								
R0 – R1999	(50% x maandelikse besoldiging) + R 750	R750 – R1749.50								
R2000 - R4499	Vasgemaak teen R1 750	R1750								

R4500 – R6499	Formule: $X = A - [B \times (C - D)]$ X = maandelikse berekende bedrag A = R1750 B = 0,875 C = maandelikse besoldiging D = R4500	R 1750 – 0.875
R6 500 en hoër	Nul	R0.00

- Werkgewers wat in die tweede kwalifiserende siklus vir ETI val:

Maandelikse besoldiging	Bepaling	Maandelikse berekende ETI-bedrag
R0 – R1999	(25% x maandelikse besoldiging) + R 750	R 750 – R1249.75
R2000 - R4499	Vasgemaak teen R1 250	R1250
R4500 – R6499	Formule: $X = A - [B \times (C - D)]$ X = maandelikse berekende bedrag A = R1250 B = 0,625 C = maandelikse besoldiging D = R4500	R1250 – 0.625
R6 500 en hoër	Nul	R0.00

- Werknemers vir wie jy ETI-eise uitgeput het volgens die bestaande reëls van die 24-maande kwalifiserende siklus, mits die werknemer tussen 18 en 29 (insluitend) oud is en steeds by jou werksaam is; en
- Werknemers wat tussen die ouderdomme van 30 en 65 (insluitend) is, mits hulle aan die salarisvereistes en ander kwalifiserende kriteria voldoen, kan jy eis vir:

Maandelikse besoldiging	Bepaling	Maandelikse berekende ETI-bedrag
R0 - R4499	Vasgemaak teen R 750	R 750
R4500 – R6499	Formule: $X = A - [B \times (C - D)]$ X = maandelikse berekende bedrag A = R750 B = 0,375 C = maandelikse besoldiging D = R4500	R750 – 0.375
R6 500 en hoër	Nul	R0.00

Voorbeeld: 'n Werkgewer het drie werknemers. Die werkgewer eis ETI vir werknemer A, die werkgewer het twee jaar gelede ETI-eise uitgeput vir 27-jaar oue werknemer B, en werknemer C is 34-jaar oud. Die werknemers verdien elk R4 500 per maand. Die werkgewer sal R3 250 per maand kan terughou.

	Remuneration	ETI	Additional ETI	Total
Employee A	4500	1000	750	1750
Employee B	4500	0	750	750
Employee C	4500	0	750	750
Total	13500	1000	2250	3250

23

V: Hoe eis ek bykomende ETI?

A: Bykomende ETI moet as volg op die maandelikse EMP201 geëis word:

- Bereken die ETI volgens opgedateerde reëls (verwys na vraag "Hoe bereken ek bykomende ETI?");
- Lê die som van berekende ETI vir alle kwalifiserende werknemers vas op die EMP201.

Voorbeeld:

'n Werkgewer het drie werknemers. Die werkgewer eis ETI vir werknemer A, die werkgewer het twee jaar gelede ETI-eise uitgeput vir 27-jaar oue werknemer B, en werknemer C is 34-jaar oud. Die werknemers verdien elk R4 500 per maand. Die werkgewer sal R3 250 per maand kan terughou. Hierdie bedrag moet in die berekende ETI-veld vasgelê word op die EMP201.

	ETI	Additional ETI	Total
Employee A	1000	750	1750
Employee B	0	750	750
Employee C	0	750	750
Total	1000	2250	3250

24

V: Hoe kan ek vir 'n ETI-terugbetaling kwalifiseer?

A: ETI kan slegs teen die betaalbare LBS verreken word tot 'n maksimum van òf die LBS-aanspreeklikheid òf die ETI bereken vir die maand. Indien die LBS-aanspreeklikheid minder is as die berekende ETI, sal die oorskot (ETI oorgedra) as 'n terugbetaling betaal word, mits jy ten volle belastingnakomend is. ETI kan slegs teen die betaalbare LBS verreken word tot 'n maksimum van òf die LBS-aanspreeklikheid òf die ETI bereken vir die maand. Indien die LBS-aanspreeklikheid minder is as die berekende ETI is, sal die oorskot (ETI oorgedra) as 'n terugbetaling betaal word, mits jy ten volle belastingnakomend is.

Voorbeeld:

PAYE Liability	ETI Calculated	ETI Utilised	ETI Carried Forward	PAYE Payable	SDL Liability	UIF Liability	Total Payable amount
15 000	20 000	15 000	5 000	0	150	300	450*
20 000	18 000	18 000	0	2 000	200	400	2 600
36 500	40 000	36 500	3 500	0	365	730	1 095*
54 000	20 000	20 000	0	34 000	540	1 080	35 620

* Slegs VOH en WVf betaalbaar, omdat die LBS-aanspreeklikheid teen die ETI-aansporing verreken word.

25

V: Wanneer sal my ETI-terugbetaling uitbetaal word?

A: Tydens die COVID-19-belastingverligting, sal die ETI-terugbetaling binne 10 dae, nadat jou EMP201 suksesvol geprosesseer is, uitbetaal, mits jy ten volle belastingnakomend is, jy nie vir 'n audit uitgewys is nie en SARS geldige bankbesonderhede vir jou het.

Let wel: Indien jy vir 'n maand nie-nakomend is, sal die ETI-krediet na die volgende maand oorgedra word. Sodra jy nakomend is, sal die krediet aan jou terugbetaal word.

26	<p>V: Moet die bykomende ETI ingesluit word op die IRP5/IT3(a)-sertifikaat? A: Alle bykomende ETI moet op die IRP5-sertifikaat ingesluit word. 'n Bykomende kwalifiserende siklus-opsie moet gebruik word vir werknemers wat nie gewoonlik vir ETI in aanmerking kom nie, of as gevolg van die ouderdomsbepanking, of omdat jy reeds ETI geëis het vir die toelaatbare 24 maande. Vir werknemers wat gewoonlik vir ETI in aanmerking kom, gebruik huidige opsies.</p> <p>Voorbeeld:</p> <p>'n Werkgewer het drie werknemers. Die werkgewer eis ETI vir werknemer A, die werkgewer het twee jaar gelede ETI-eise uitgeput vir 27-jaar oue werknemer B, en werknemer C is 34-jaar oud. Die werknemers verdien elk R4 500 per maand. Die werkgewer sal R2 500 per maand kan terughou.</p> <table border="1" data-bbox="280 533 1083 674"> <thead> <tr> <th></th> <th>Qualifying Cycle</th> <th>Remuneration</th> <th>Calculated ETI</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>Employee A</td> <td>1</td> <td>4500</td> <td>1750</td> </tr> <tr> <td>Employee B</td> <td>3</td> <td>4500</td> <td>750</td> </tr> <tr> <td>Employee C</td> <td>3</td> <td>4500</td> <td>750</td> </tr> </tbody> </table>		Qualifying Cycle	Remuneration	Calculated ETI	Employee A	1	4500	1750	Employee B	3	4500	750	Employee C	3	4500	750
	Qualifying Cycle	Remuneration	Calculated ETI														
Employee A	1	4500	1750														
Employee B	3	4500	750														
Employee C	3	4500	750														
27	<p>V: Moet ek betalings ontvang van WVF TERS (tydelike werkgewer/werknemer verligtingskema) insluit as besoldiging wanneer ek ETI bereken? A: Betalings van WVF TERS wat direk aan die werkgewer betaal word, wat dit dan aan werknemers uitbetaal, is vrygestel en vorm nie deel van besoldiging nie. Hierdie betalings moet uitgesluit word met die berekening van ETI.</p> <p>Voorbeeld: Werknemer verdien R5 000, maar vanweë die impak van die COVID-19-pandemie, betaal die werkgewer slegs R2 000, en WVF TERS betaal R3 000. Vir ETI-doeleindes, is die besoldiging slegs R2 000. Dit word gesteun deur die volgende uittreksels uit die Wet op Inkomstebelasting:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Betalings ontvang van WVF is vrygestel ingevolge artikel 10(1)(mB) van die Wet op Inkomstebelasting; • Die omskrywing "besoldiging" beteken enige bedrag van inkomste (paragraaf 1 van die Vierde Bylaag); en • Die omskrywing "inkomste" beteken die bedrag wat oorbly van die bruto inkomste nadat enige vrygestelde bedrae afgetrek is [artikel 1(1) van die Wet op Inkomstebelasting]. 																
28	<p>V: Word betalings ontvang uit COVID-19-rampverligtingorganisasies as besoldiging geag? A: Wanneer die werkgewer suksesvol aansoek doen vir rampverligting uit 'n COVID-19-fonds, kom 'n leningooreenkoms tussen die werkgewer en die fonds tot stand. Waar die finansiële hulp wat aan die werkgewer verskaf word, spesifiek vir die betaling van salarisse/lone is, moet die werkgewer volledige besonderhede van elkeen van die betrokke werknemers verskaf en die hulpfonds sal dit dan die toepaslike salaris of loon direk aan die werknemers betaal. Dit is om seker te maak dat die werkgewer nie die betalings vir ander doeleindes gebruik nie. Hierdie betalings behou die identiteit van besoldiging, aangesien die fonds eenvoudig die werknemer se besoldiging namens die werkgewer betaal.</p> <p>Let asseblief dat hierdie bedrae onderhewig bly aan WVF.</p>																
29	<p>V: Hoe affekteer betalings wat uit COVID-19-rampverligtingorganisasies ontvang is, die aftrekking van LBS? A: Betalings ontvang uit 'n COVID-19-rampverligtingorganisasie, is vrygestel van LBS, maar is onderhewig aan normale belasting (indien bo die belastingdrumpel) met aanslag wanneer die werknemer sy/haar inkomstebelastingopgawe (ITR12) indien.</p> <p>Daarom moet die deel wat die werknemer ontvang op die IRP5/IT3(a)-sertifikaat aangedui word as 'n COVID-19 artikel 18A rampverligtingfondsbetaling/toelaag (brondkode 3724)</p>																
30	<p>V: Moet ek betalings wat vanaf COVID-19-rampverligtingorganisasies ontvang is, insluit wanneer ek ETI bereken? A: Ja, betalings wat vanaf COVID-19-rampverligtingorganisasies ontvang is, behou die identiteit van besoldiging, omdat die fonds eenvoudig die werknemer se besoldiging namens die werkgewer betaal.</p> <p>Voorbeeld: Werkgewer verdien R5 000, maar vanweë die impak van die COVID-19-ramp betaal die werkgewer slegs R2 000 en die fonds betaal R3 000. Vir ETI-doeleindes is die besoldiging R5 000.</p>																
31	<p>V: Ek het my EMP201 ingedien, maar te laat betaal ten opsigte van die 65% LBS. Hoekom is die boete vir die volle LBS-bedrag? A: Indien jy laat betaal het, sal jy die voordeel van die COVID-19-belastingverligting vir LBS verbeur, en daarom het SARS 'n boete en rente hef op die volle bedrag. Jy kan egter aansoek doen vir uitstelling en/of die kwytskelding van die boete. Klik hier vir die proses wat gevolg moet word.</p>																
32	<p>V: Ek het my EMP201 ingedien en die 65% LBS-betaling gemaak, maar die 35% versagting wys nie op my rekeningstaat nie.</p>																

	<p>A: Indien die 35% versagting nie op jou rekeningstaat wys nie, is daar van die kwalifiserende kriteria waaraan jy nie voldoen nie.</p> <p>Jy moet seker maak dat jy aan alle kwalifiserende kriteria voldoen, insluitend om die huidige betaling betyds te maak voordat jy die EMP201-opgawe indien.</p> <p>Indien jy nie aan al die kwalifiserende kriteria voldoen nie, kan jy vir die uitstelling aansoek doen. Klik hier vir die proses wat gevolg moet word.</p>
33	<p>V: Vanweë die inperking, het ek en my werkgever ooreengestem om my salaris vir die volgende ses maande te verminder. Wat is die belastinggevolge hiervan?</p> <p>A: Mits die werknemer onvoorwaardelik 'n deel van sy/haar salaris verbeur het (en nie net die reg daarop tot 'n latere datum uitgestel het nie), kan die verminderde salaris as besoldiging onderhewig aan die aftrekking van werknemersbelasting geag word. Die verbeurde salaris loop nie op vir die werknemer nie en is nie onderhewig aan belasting nie. WVF, en waarskynlik ook uitreefondsydraes, sal volgens die verminderde salaris bereken moet word.</p>